**Skriflesing**: Galasiërs 5:1;6; 13-26
**Tema:** Vry om vrug te dra.

Vryheid is nog altyd 'n modewoord. Deur al die eeue wil mense dink, sê en doen wat hulle wil.

In die wêreld bestaan daar 'n wanopvatting dat Christene nie vry is nie. Ons het te veel moets en moenies, reëls en regulasies in die kerk. Ons word gesien as 'n onderdrukte groepie mense wat onder ons slawejuk saamstrompel en –worstel.

Paulus verskil in Galasiërs 5 radikaal hiervan. Volgens hom is ongelowige mense nie vry nie. Wanneer ek nie 'n kind van die Here is nie, is my sondige natuur in beheer van my lewe. Dit beteken ek doen wat die selfsugtige EK wil doen. So is ek 'n slaaf van my sondige natuur. My lewe word gekenmerk deur die verval waarvan ons lees in Galasiërs 5:19-21 en 26.

**Daar is verval in my verhouding met God.**
Ek aanbid 'n spul dooie afgode en hou my besig met towery en waarsêery.

**Daar is verval in my verhouding met myself.**
Ek maak my skuldig aan seksuele onreinheid, onsedelikheid en losbandigheid. Ek kuier van die een dronkpartydjie na die ander.

**Daar is verval in my verhouding met ander mense.**
Ons gedra ons soos 'n trop wilde diere, ons byt en verskeur mekaar. Ons soek gedurig fout by mekaar. Ons is selfsugtig en gun mekaar niks. Op die ou end haat ons mekaar.

Ons is jaloers op mekaar en verdeeld onder mekaar. Ons is aggresief, altyd besig om te veg en te stry. Ons verslind mekaar, want met my sondige natuur in beheer, gaan dit net oor my. Ek gun vir geen ander mens 'n plek in die son nie.

As slawe van ons sondige natuur is ons stukkende mense met stukkende lewens en stukkende verhoudings. Ons sien daagliks hierdie werke of praktyke van mense se sondige natuur in die wêreld.

En in Galasiërs 5:21 lees ons dat die uiteinde van so 'n lewe is dat mense nie die Koninkryk van God as erfenis kry nie. Mense gaan hel toe.

Lynreg hierteenoor staan 'n lewe waar ek alles in geloof oorgee aan Jesus Christus, 'n lewe waar ek die Heilige Gees beheer laat neem van my lewe.

Ons sondige natuur en die Gees van God staan lynreg teenoor mekaar. Die twee is vyande van mekaar.
Elkeen van ons as kinders van die Here moet daagliks die keuse maak om God toe te laat om ons te help om ons sondige natuur met sy hartstogte en begeertes te kruisig.
En ons moet kant kies vir die Heilige Gees. In Galasiërs 5: 16; 18 en 25 lees ons dat ons ons lewe deur die Heilige Gees moet laat beheers.

Vryheid word slegs ‘n werklikheid in ‘n lewende geloofsverhouding met die Here. Wanneer ek die Heilige Gees beheer gee van my lewe, dan is ek werklik vry. Vry van verlorenheid, sonde en verval.

Waar praktyke en werke van my sondige natuur iets is wat ek doen, is die vrug nie iets wat ek doen nie. Die Heilige Gees dra sy vrug in en deur my.
In Galasiërs 5:25 lees ons in die Boodskap vertaling: “Die Gees het ons splinternuut gemaak. Daarom moet ons toelaat dat Hy elke dag ons lewe bestuur. Hy moet besluit wat ons dink en sê en doen.”

Die vrug is soos die verskillende skyfies van ‘n nartjie. Die Gees seën elke gelowige met sy negevoudige vrug. Ons lees in Galasiërs 5:22 uit die Boodskap hoe so lewe lyk: “Net soos ’n boom wat ’n baie goeie vrug oplewer, wys hierdie mense se lewe dat hulle aan God behoort. Sulke mense gee baie om vir ander. Hulle lewe is vol vreugde. Die vrede wat van God af kom, ken en ervaar hulle. Hulle verdra ander mense sonder om ooit lelik met hulle te wees. Hulle straal vriendelikheid en warmte uit; daarom wil ander graag in hulle teenwoordigheid wees. Hulle doen goeie dinge vir ander mense. Ander kan altyd op hulle reken omdat hulle self deur dik en dun op God vertrou. Hulle is vol deernis en ontferming. Die Gees stel hulle in staat om hulleself goed te beheer sodat sonde nooit hoogty in hulle lewe vier nie.”

Onder beheer van die Heilige Gees is daar groei.

**Daar is groei in my verhouding met God.**
‘n Kind van God wil doen wat God wil hê.

**Daar is groei in my verhouding met myself.**
Deel van die vrug van die Gees is selfbeheersing. Ek wil rein lewe.

**Daar is groei in my verhouding met ander mense.**
Ons kan ons naaste liefhê soos onsself. Ons dien mekaar in liefde. Ons dra mekaar se laste. Geesvervulde mense straal warmte uit. Dit is vir ander mense lekker om by jou te wees.

En Geesvervulde mense is oppad hemel toe.

**Afsluiting**
Elke mens laat sy of haar lewe deur iets of iemand beheer.

Kies vir wie jy beheer gee?
Of jou sondige natuur wat bind, verwoesting saai, doodmaak en verval bring of die Gees wat vry en heel maak, lewe gee en groei bring.
Die twee staan lynreg teenoor mekaar. Jy kan nie maar die een oomblik aan jou sondige begeertes toegee en die volgende oomblik jou deur die Gees laat beheers nie.
Vir wie gee jy beheer van jou lewe?
Amen